# DURBANVILLE-BERGSIG
# UITREIKE

**Laaste Kwartaal 2013**

Sy ligdraers
NG Kerk Durbanville-Bergsig

## INHOUD


Bl. 1: Thailand gebedsuitreik

Bl. 2: Frontida Outreach Thailand
Durbanville Sopkombuis
Geloofsgelofte-offers

Bl. 3: Geregistreerde uitreikprojekte:
Projekte op ons voordeur
Projekte oor grense heen

Bl. 4: Gebedslys van Uitreike
aan Omgeegroepe

Bl. 5: Die Vervolgde kerk
Loergaatjie op ons lewens

Bl. 6: Belangrike Uitreikdatums/
Deuroffers

Kos vir Kersfees

Uitreike-kantoor behoeftes
Uitreike in die nasionale







# Thailand gebedsuitreik

Die Engelse spreekwoord wat sê "A vision is caught and not taught" is baie waar.

Vandat die Here in 2010 vir Klasie en Ida van Heerden Thailand toe gestuur het, het hulle 'n besondere liefde vir hierdie land ontwikkel. Hulle het die Here se hart gesien vir Thailand, en het tot die besef gekom dat daar minder as 1% Christene onder die bevolking van byna 70 miljoen is.

Hul het 'n roeping gekry om gebedspanne na Thailand te neem en het dan ook vanaf begin 2011, sewe spanne soontoe toe geneem.

Die spanne het gegaan met die hoofdoel om Jesus se lig in Thailand te gaan weerkaats met gebed. Hulle het ook sendelinge, sending-organisasies, pastore en gemeentes besoek.

Die spanlede het met elke uitreik getuig van hoe die Here baie spesiaal met hulle individueel gewerk het. Hulle het ook getuig van die visie wat hulle vir wêreldsending gekry het. Telkens het hul ondervindings oor culture heen 'n positiewe uitwerking gehad. Geestelike groei was eerste op die lys. Die terugvoering wat hulle van die organisasies, sendelinge en gemeentes ontvang, is baie positief.

Daar is 'n geestelike oplewing by die universiteite ervaar vandat daar intensief by die kampusse gebid is.
Pastore en sendelinge getuig dat die gebedspanne net op die regte tyd by hulle uitgekom en hulle ondersteun het met gebed. Dan het hulle weer moed gekry vir die tydperk wat voorlê.

Die grootste getuienis is dié van die spanlede wat voltyds of deeltyds betrokke raak met die uitdra van die evangelie na Thailand. Hul gebed is dat die Here mense van Bergsig sal oprig om die gebeds-uitreik vanuit die gemeente te dryf. Dit is eintlik 'n noodkreet.

Hulle vertrou dat die Here mense se harte sal aanraak en dat daar 'n stroom mense vanuit Bergsig bereid sal wees om op die Thailand gebedsuitreike te gaan.



**NAVRAE BESONDERHEDE:**

**Annamaré Visser**

**Tel 021 976 4106 x 103**

**maatskaplik@isales.co.za**

# Frontida Outreach Thailand

Frontida Outreach was nou onlangs saam op die Thailand Gebedsuitreik. Dit was ‘n ongelooflike geestelike ervaring wat in ‘n mate bitter moeilik is om te beskryf.

Om as volgers van Jesus Christus in ’n land, waar 97% van die populasie die Boeddhistiese geloof beoefen te beweeg is hartverskeurend. ‘n Mens moet werlikwaar self dit fisies beleef want wat jy sien en ervaar is teoreties nie moontlik om te verduidelik nie. Om in persoon met ’n individu te gesels wat nog glad nie van Jesus Christus gehoor het nie, breek jou hart. Om dan in gebed in te tree vir so ’n persoon verander iets in jou gemoed. Jy hoor dan God se fynste en diepste stem – en dit op sigself is onbeskryflik.

Die Thailand Gebedsuitreik het ons werklikwaar geruk. Dit het ons ’n diepte perspektief gegee van hoe en waar onsself staan in ons verhouding met God. Ons het nie net van wonderwerke gehoor nie, maar wonderwerke self sien gebeur daar in Thailand.

As jy dink om ‘n gebedsuitreik na Thailand toe mee te maak en dit dalk beskou as die ideale geleentheid om ’n ander land te sien moet jy weer dink. God gaan jou voorstel aan “die mens” wat Hy geskape het wat Hom nie ken of aanvaar nie. Hy vra jou om vir daardie volk, vir wie Hy so lief het, in gebed te tree sodat hulle ook tot redding kan kom soos jy alreeds is.

Ons het opnuut verstaan en insig gekry wat Jesus bedoel het in die groot opdrag wat Hy in Mattheus 28 aan ons almal gegee het. Tevore het ons dit teoreties verstaan, maar om fisies daar te kon wees het ons begrip gegee. Gaan op die Gebedsuit-reik na Thailand toe en ervaar ’n geestelike reis saam met God wat jou lewe sal verander – soos ons lewe verander het.

**Marina en André Olivier saam met Thai-dame.**



## Sopkombuis: kerke werk saam sommer hier net om die draai.

Dis Maandag 19 Augustus 2013, presies 16 jaar nadat die eerste koppie sop hier in Durbanville aan `n bergie bedien is. En nou is ons uiteindelik by die inwyding van ons eie nuwe Sopkombuis. Dit is `n pragtige sonskynoggend ná die vorige week se aanhoudende reën, en `n klompie mense, verteenwoordigend van die vyf plaaslike kerke gesels in groepies. In die agtergrond wag die straatmense vir hulle sop en brood. Ons nuwe Sopkombuis is `n spierwit geverfde skeepsvraghouer met al sy verbeteringe en hy pronk in die oggendsonnetjie.



Die straatmense beweeg nader en word bedien met heerlike voedsame sop en brood, en iemand gaan haal `n stoel vir “Ou John” om op te sit. John het ses staalpenne in sy regterbeen. Hy is hier in Durbanville deur 'n kar omgery wat daarna weggejaag het. John neem sy sop en brood en glimlag breed want hy is dankbaar vir die sonskyn, die sop en brood, en die omgee.

# Geloofsgelofte-offers

Die Bergsig GGO-projek bestaan reeds sedert 1998 en het oor 15 jaar gegroei tot die grootste bron van befondsing van die gemeente se uitreikprojekte.

‘n Rekordbedrag van R940 000 is gedurende die 2012/13 kerkjaar van GGO -donateurs ontvang wat ter befondsing van vier-en-veertig uitreik-projekte / verdienstelike instansies aangewend is.
Net meer as die helfte van die totale bedrag is bestee aan projekte “op ons voorstoep” (51.6%), terwyl die balans van 48.4% aan uitreikprojekte “oor grense heen” versprei is.

Die GGO-beloftes vir die 2013/14 jaar toon ’n afname vergeleke met die vorige jaar, maar ons vertrou die Here dat die werklike ontvangste die beloftes sal oorskry, soos ook tydens 2012/13.

Die GGO-komitee poog om beskikbare fondse so wyd as moontlik te versprei, met ’’n GGO-beleidsbeperking dat ’n enkele projek nooit meer as 10% van die totale GGO-ontvangste per jaar mag ontvang nie.

Die aantal Bergsig gemeentelede wat hulle tydens die afgelope dekade en ’n half as GGO-donateurs verbind het, was ‘n groep van so skuins oor die 200 elke jaar. Die meerderheid van hierdie groep het reeds ’n baie langtermyn jaarlikse vebintenis as GGO-donateurs, met ‘n kleiner groep gemeentelede wat jaarliks wissel.

Ons vertrou op ons Hemelse Vader om hierdie projek altyd vir Sy koninkryk in stand te hou en steeds te laat groei – wat fondse sowel as aantal donateurs betref.

# *Geregistreerde uitreikprojekte van Durbanville-Bergsig:*

## Projekte op ons voordeur

| NR | UITREIK-PROJEK | PROJEKLEIER | TEL. NR. | SEL. NR. | E-POSADRES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Attie van Wyk Laerskool | VAKANT | | | |
| 2 | Bediening onder Moslems | Elnarie Barnard | 021 976 1778 | 083 430 0909 | eljan@webafrica.org.za |
| 3 | Betesda | Hans Human | 021 975 6715 | 082 549 0518 | hansjhuman@gmail.com |
| 4 | Breiprojek | Ilze Lammers | | 072 623 1967 | ilze.lammers@gmail.com |
| 5 | Diemersdal-buitedienste | Gert Saunders | 021 976 1685 | 082 452 5910 | ssystems1@iafrica.com |
| 6 | Durbanville Kinderhuis | Danita van den Bergh | 021 976 4275 | 072 626 5262 | danitavdb@gmail.com |
| 7 | Durbanville Kliniek | Louise Venter | 021 976 3887 | 083 457 5595 | venterlt@gmail.com |
| 8 | Fisantekraal Centre for Development | Verna Esterhuyse | 021 976 4158 | 083 455 9495 | verna.esterhuyse@gmail.com |
| 9 | Fisantekraal-buitedienste | Dennis van Rooyen | 021 919 1746 | 082 441 5985 | olives.wes@gmail.com |
| 10 | GGO | Martin Slabber | 021 975 1517 | 083 413 3256 | mjjslabber@vodamail.co.za |
| 11 | Golden Games | Rahlene Uys | 021 979 2415 | 072 103 8852 | rahlene@mwebbiz.co.za |
| 12 | House of Grace | VAKANT | | | |
| 13 | Jesus Can | Lee Sives | | 072 964 0747 | jesuscan33@gmail.com |
| 14 | Klere-projek | Sandra Niewoudt | 021 975 0961 | 072 988 6162 | pietern@pepstores.com |
| 15 | Kos vir Kersfees | Paul van der Merwe | 021 976 2497 | 082 415 2632 | paul@koebergrekenaars.co.za |
| 16 | Kosprojek | Hester Stassen | 021 975 6240 | 082 903 0236 | epos@telkomsa.net |
| 17 | Magdalena Huis | Anneke Scholtz | 021 976 6480 | 083 462 1055 | anneke@countingpros.co.za |
| 18 | New Beginnings | Rahlene Uys | 021 979 2415 | 072 103 8852 | rahlene@mwebbiz.co.za |
| 19 | S.A.P.D. | Hester Stassen | 021 975 6240 | 082 903 0236 | epos@telkomsa.net |
| 20 | Sopprojek | Jolene Schoeman | 021 949 2208 | 083 444 3550 | sales@dynamikos.co.za |
| 21 | Tyger Bear | Hanlie de Jonge | 021 975 0579 | 072 954 2866 | hanlie@therido.co.za |
| 22 | Welgegund-buitedienste | Hercules Stander | 021 975 4193 | 082 853 6032 | standerh@mweb.co.za |

## Projekte oor grense heen

| N | UITREIK-PROJEK | PROJEKLEIER | TEL. NR. | SEL. NR. | E-POSADRES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Die Vervolgde Kerk | Henoch Schoeman | 021 979 2390 | 083 306 9901 | henoch.schoeman@gmail.com |
| 2 | Frontida | Maria Swanepoel | | 083 456 3045 | mariatjie@gmail.com |
| 3 | Gewillige Hart | Marike Roux | | 072 393 0426 | rouxmarike@gmail.com |
| 4 | Mission Aviation Fellowship Tanzanië | Gert Uys | 021 979 2415 | 082 807 4455 | gert@airbornecamera.com |
| 5 | Mosambiek : Evangelisasie | Abrie Coetzee | 021 976 5647 | 082 370 8489 | ajcoetzee@pgwc.gov.za |
| 6 | Mosambiek : Medies | VAKANT | | | |
| 7 | Ngamiland Boesman Sending | Leo Sassoli | 021 976 7298 | 083 647 2501 | sassolil@bathroomandplumbing.co.za |
| 8 | Oekraïne: Tokarchuck-gesin | VAKANT | | | |
| 9 | Duitsland: Menges-gesin | Linda Coetzee | 021 976 5647 | 084 670 7767 | linda@schoongezicht.net |
| 10 | Thailand: Wikie Coetzee | Martin Slabber | 021 975 1517 | 083 413 3256 | mjjslabber@vodamail.co.za |
| 11 | Thailand Gebedsuitreik | Klasie van Heerden | 021 979 3109 | 082 800 4266 | klasievh@telkomsa.net |
| 12 | Traan van Ceylon | Deon Langedyk | 021 552 7419 | 073 637 2145 | traanvanceylon@rocketmail.com |

# *Gebedslys van Uitreike aan Omgeegroepe:*

**Kontak die Projekleier om uit te vind waarvoor julle as omgeegroep kan bid of om 'n besoek aan julle te reël**

## Matt 4:19

*Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."*

| Groepleier | Groepnaam | Uitreikprojek Inligting |
|---|---|---|
| LORINDA BOTHA | ELIA | Jesus Can - Lee Sives (jesuscan33@gmail.com) |
| ABRIE COETZEE | LIGDRAERS | Traan van Ceylon - Deon Langedyk (traanvanceylon@rocketmail.com) |
| MARIUS COETZEE | RAMSHORING | Frontida - André en Marina Olivier (frontidaoutreach@gmail.com) |
| ELIZE CRONJÉ | JOSUA | GGO - Martin Slabber (mjjslabber@vodamail.co.za) |
| HANLIE DE JONGE | EBEN-HAESER | Traan van Ceylon - Deon Langedyk (traanvanceylon@rocketmail.com) |
| PIERRE DE VILLIERS | ESTER | Mosambiek: Evangelisasie - Abrie Coetzee (ajcoetzee@pgwc.gov.za) |
| JAN DE VILLIERS | KONINGS | Thailand (Wikie Coetzee) - Martin Slabber (mjjslabber@vodamail.co.za) |
| BRAAM ESTERHUYSE | NOAGIETE | Operasie Mobilisasie (Menges-gesin) - Linda Coetzee (linda@schoongezicht.net) |
| RUBEN FICK | SIMEON | Thailand Gebedsuitreik - Klasie van Heerden (klasievh@telkomsa.net) |
| LEON GROBLER | DIENSKNEGTE | Gewillige Hart - Marike Roux (rouxmarike@gmail.com) |
| HANS HUMAN | FILADELFIA | |
| DUWAN JACKSON | FISH | Oekraïne (Tokarchuck-gesin) - Amanda Claasen (amanda.claasen@vodamail.co.za) |
| THEUNS KRITZINGER | FILEMON | Mission Aviation Fellowship Tanzanië - Gert Uys (gert@airbornecamera.com) |
| ANTON KRÜGER | ALLISTHÊSETAI | Die Vervolgde Kerk - Henoch Schoeman (henoch.schoeman@gmail.com) |
| ILZE LAMMERS | FROGS | |
| BEN LODEWYK | NARDUS | Welgegund-buitedienste - Hercules Stander (sales@dynamikos.co.za) |
| LIEZL LOUBSER | OMGROEP | Tyger Bear - Hanlie de Jonge (hanlie@therido.co.za) |
| RENARDO LOURENS | RIGTERS | Sopprojek - Jolene Schoeman (standerh@mweb.co.za) |
| PETER MONTGOMERY | ALFA EN OMEGA | S.A.P.D. - Hester Stassen (epos@telkomsa.net) |
| WILLEM MOSTERT | BARNABAS | |
| ARRIE ODENDAAL | THOMAS | New Beginnings - Rahlene Uys (rahlene@mwebbiz.co.za) |
| LOURENS OLIVIER | RIGTERS | Magdalena Huis - Anneke Scholtz (anneke@countingpros.co.za) |
| ANNETTE PRINS | LUKAS | Kosprojek - Hester Stassen (epos@telkomsa.net) |
| HEINRICH PUNT | KARIOS | Kos vir Kersfees - Paul van der Merwe (paul@koebergrekenaars.co.za) |
| LEO SASSOLI | PNIËL | Klere-projek - Sandra Niewoudt (pietern@pepstores.com) |
| GERT SAUNDERS | KOINONIA | Jesus Can - Lee Sives (jesuscan33@gmail.com) |
| PHILIP SCHOLTZ | BET-EL | |
| MARTIN SLABBER | MARANATA | |
| STEFAN SNYMAN | ELISA | House of Grace - (VAKANT) |
| HERCULES STANDER | JUBILATE | Golden Games - Rahlene Uys (rahlene@mwebbiz.co.za) |
| LAWRENCE STEWART | SHALOM | Fisantekraal-buitedienste - Dennis van Rooyen (olives.wes@gmail.com) |
| SIGGIE SWANEPOEL | EMMANUEL | Fisantekraal Centre for Development - Verna Esterhuyse (verna.esterhuyse@gmail.com) |
| CESSERI TAYLOR | 01 | Durbanville Kliniek - Louise Venter (venterlt@gmail.com) |
| DEON THERON | TEKKIES | Durbanville Kinderhuis - Danita van den Bergh (danitavdb@gmail.com) |
| RAHLENE UYS | VV VROUE | Diemersdal-buitedienste - Gert Saunders (ssystems1@iafrica.com) |
| JACORINE VAN DER WESTHUIZEN | ADDICTED 2 JESUS | Breiprojek - Ilze Lammers (ilze.lammers@gmail.com) |
| RITA VAN DER MERWE | PHILEO | Thailand Gebedsuitreik - Klasie van Heerden (klasievh@telkomsa.net |
| ANSUNETTE VAN DER WALT | SALOMO | Betesda - Hans Human (hansjhuman@gmail.com) |
| LINDE VAN ZYL | ELIM | Bediening onder Moslems - Elnarie Barnard (eljan@webafrica.org.za) |
| HANNELINE VERMEULEN | HOSEA | Attie van Wyk Laerskool - (VAKANT) |
| JOHAN WILSCH | | |

# Die Vervolgde Kerk

Die projek reik uit na dié deel van die liggaam van Christus wat vervolg word omdat hulle die Here Jesus volg, en word gemotiveer deur:

1 Kor 12:24-26 "God het die liggaam so saamgestel dat ... die lede gelyke sorg vir mekaar dra. As een lid ly, ly al die lede saam ..."

Ook Hebreërs13:3 "Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan die wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word."

Ons is nog nie eerstehands betrokke nie, maar kry gereeld inligting van 'n aantal organisasies wat intens betrokke is by ons medegelowiges wat in sowat 50 lande van die wêreld vervolg word. Die organisasies dien op praktiese wyses gemeentes en gesinne waarvan die pa of ma in die tronk is, help om onderwysgeleenthede vir die kinders te skep, verskaf mediese sorg, help met huisvesting, opleiding, regshulp, Bybels en literatuur, voorbidding en veel meer. Hulle bring ook die omstandighede waaronder ons broers en susters leef en die Here in getrouheid dien, onder die aandag van die res van die kerk en aan wie ookal wil kennis neem en voorbidding wil doen en bydraes gee.

Ons groepie se passie en begeerte is dat ons gemeente en elke ander gelowige 'n hart vir die lede van die vervolgde kerk sal ontwikkel, die nuusbriewe ontvang en lees, voorbidding doen en na vermoë gee.

**Vir meer inligting besoek gerus die volgende webwerwe en kry die gratis nuusbriewe:**

**Christelike Sending Internasionaal**
**t:** 011-873-2604/05 / cmi@persecution.co.za / www.persecution.co.za

**InContext Ministries**
**t:** 031-7655702 / mike@incontextministries.org / www.incontext

**Geopende Deure**
**t:** 011 888 9341 / southafrica@od.org /www. Opendoors.org.za

Die Stem van die Martelare
Christelike Sending Internasionaal

INcontext

OpenDoors
Serving persecuted Christians worldwide

# Loergaatjie op ons lewens.

Ons trek einde Julie het goed gegaan. By Korntal aangekom, het 'n trop mense op ons gewag om ons te help: twee Duitsers, een van Australië, twee uit Palestina, 'n Pa-en-seun span uit Sudan en ons drie kinders. Die uitpak het twee ure geduur.

Dis nou 9 weke later en ek staan verstom. Ons voel so tuis en so welkom! Ons gemeentelede het 'n manier om gedurende die diens te kyk watter gesigte vreemd is. Na die diens word enige nuwe gesig gegroet en verwelkom. Sover, elke Sondag, staan ons ten minste 'n halfuur voor die kerk terwyl mense wat ons die eerste keer sien, kom kennis maak. Die wat ons al 'n ander keer gesien het, kom vra hoe dit gaan en of ons hulp nodig het.

En ons word uitgenooi: 'n vriendin het ons uitgenooi om Saterdagaand (ons trekdag) tot die volgende Dinsdag elke dag by haar te eet (al ons maaltye) sodat ons rustig die kombuis kon inrig sonder om oor kos en koop te dink. Een Sondag kom 'n vrou en stel haarself voor. Na 'n paar woorde vra sy waar ons vanmiddag eet – en nooi ons net daar uit.

'n Ander dag het ek gaan stap en 'n vrou teegekom wat inkopies uit haar kar haal. 'Hallo, is jy nuut?' vra sy. Toe ek 'ja' antwoord, nooi sy my onmiddellik in vir tee.

Ook die kinders voel welkom. Die eerste Sondag by die kerk het 'n dogtertjie al om Liesl gedraai en voor ons huis toe is, het Liesl 'n papier met 'n adres en telefoon- nommer op. Sedertdien is die twee onafskeidbaar.

Annelie is klaar tuis in haar klas. 'n Kind het haar die eerste dag genooi om langs haar te sit. Binne drie dae het hulle uitgevind dat hulle albei gelowiges is en die afgelope naweek is Annelie na n Gospel konsert met haar klasmaats. Ook in die kerk het Annelie 'n baie gawe maatjie gevind.

Ilana ken oulike kinders, maar haar klas is nie heeltemal so ideaal nie. Die seuns terg die meisies onophoudelik en leer is glad nie 'n prioriteit nie. Ons werk hieraan, maar Ilana is 'n meester op die gebied van regkom in onperfekte omstandighede.

Tobias voel ook baie welkom in die gemeente en by sy werk. Hy het 1 September begin en leer nog hoe die kollege werk en die detail van sy rol. Hy leer ook kollegas ken en werk aan verhoudings met persone uit organisasies met wie ons nou saamwerk.

Hy is die organiseerder en dosent van die BA-program. Die studente is almal reeds by sending betrokke, maar besef hulle het meer opleiding nodig. Almal is deeltyds sodat hulle gelyktydig werksondervinding kan kry.

Graag stel ek julle aan drie van sy studente voor: Sergej is n Messiaanse Jood wat 'n bediening het onder Russies-Duitse Jode in 'n spesifieke area van Duitsland. Hy is besig om 'n Messiaanse kerk te plant.

Clarion is 'n Suid-Afrikaner wat al jare lank by OM werk. Clarion is baie begaafd om met jong mense te werk.

Hy het drie kinders. Sy vrou kry behandeling vir kanker.

Kathrin en haar man is al lank sendelinge in Thailand. Hulle is terug in Duitsland vir mediese behandeling wat haar man nodig het.

Intussen studeer Kathrin om nog beter toegerus te wees vir hul diens in Thailand.
Tobias vlieg in November na Amerika om sy kollegas daar te leer ken by die affiliasie-universiteit – Columbia International University in South Carolina.

In Duitsland staan ons Bybelskool bekend as Akademie für Weltmission. In die res van die wêreld is dit European School for Culture and Theology.

## Belangrike Uitreikdatums / gebeurtenisse

Uitreike Naweek – 18-20 Oktober 2013

## Deuroffers:

Deuroffer vir Wêreld Sending – 10 Nov 2013
Deuroffer vir Kos vir Kersfees – 1 Des 2013
Deuroffer vir Borg 'n Kamer – 15, 22, 29 Des 2013



## Kos vir Kersfees

Maak 'n skenking aan ons projek en help so ander minderbevoorregtes. Ons bid vir diegene wat nie kos het om te eet gedurende die feesseisoen nie.

Ons het in verlede jaar 10 ton kos na drie gemeentes versprei.

Navrae: Paul 082 415 2632

## BEHOEFTES VANUIT DIE UITREIKEKANTOOR

- Ons benodig voortdurend bekostigbare behuising vir persone wat hul huise verloor
- Fondse vir kos
- Bydraes tot ons maatskaplike fonds waaruit bv. medikasie, brandstof, ens. befonds word

# UITREIKE IN DIE NASIONALE MEDIA






**Nuwe vervolgings het op 22 September 2013 plaasgevind in die vorm van ontploffings by die 'All Saints Church', in Peshawar.**

**Ander tipe vervolgings wat voortkom is:** Die brand van kerke en Christene se huise • Die brutale moorde op Christene • Verkeerdelike tronkstraf oplegging teenoor Christene deur valse verklaringe te lewer • Die ontvoering en verkragting van Christen meisies • Die geforseerde bekering van Christen meisies na Islam en hul dan aan ouer mans gee om te trou • Om bevoegde Christene nie in werke aan te stel nie.

